



# Oordeel of herstel?

God kom wys sy Vaderhart . . .

## Oordeel vs Herstel

Die totale verwoesting, lyding en vernietiging van die Dag van die Sprinkane in Joël 1, laat mens wonder oor God. Joël beskryf dit as 'n vreeslike dag (1:15). Asof dit nie genoeg was nie, kom die profeet in Joël 2 met 'n aankondiging van die Dag van die Here waar weermagte van vreemde nasies dit wat oorgebly het van die totale verwoesting, gaan kom platvee. Dit, sê Joël, gaan 'n verskriklike dag wees. 'n Mens kry een van twee prentjies hier van God. Dit is asof God in Joël 1 sy hande in die lug opgooi en op 'n afstand gaan staan en sê: *Dis julle verdiende loon...* In Joël 2 kry mens die prentjie van 'n woedende God wat die krane van sy oordeel oopdraai op die volk wat eenvoudig voort ploeter in hulle afvalligheid. In beide gevalle is dié perspektief op God se oordeel dat dit *vergeldend* is, dat Hy sy volk wil straf vir hulle dade. Dit is moeilik om met so 'n God te vereenselwig. Sulke vergeldende oordeel van God maak mens bang en sal jou eerder laat vlug of in opstand kom as wat dit enige verandering in jou hart sal te weeg bring. Só 'n perspektief op God werk met *straf en beloning*.

Ons kry egter in Joël 2:12-13 'n ander perspektief op God se oordeel. Dit is

juis nie om te straf nie. Straf bring vrees en afstand. God se oordeel is eerder om sy volk nader te trek, dat hulle sal terugkeer, sal verander. Ons kan dit noem God se *transformerende oordeel*, of *herstellende oordeel* (Richard Rohr). Ek wil dit *dissipline* noem, wat beteken *om te leer*. En om te leer beteken in wese om die heel tyd oop te wees om te verander. Die ruimte waarin God se herstellende oordeel plaasvind, is binne *genade*. *Maar God...*(2:12,13)

- *is genadig en barmhartig*
- *is lankmoedig en vol liefde*
- *is bereid om die straf te herroep*

Hy kom gee dit, dis verniet. God se vrye genade is egter vernederend vir ons ego's, omdat iets wat ons verniet kry niks sê oor MY nie. Dis net ons harte, ons diepste wese (essensie) wat genade kan verstaan. Om in die genade van God te val, vra dat ons baie dieper moet gaan delf in onself. Straf gee ons die illusie dat ons dit ekstern kan uitsorteer sonder om die interne proses mee te maak.

Die God wat hier na ons toe kom, werk anders - Hy werk met 'n ekonomie van genade waar ons vrywillige vennote is - nie slawe nie.

Wat hierna volg is God se pad van herstel:

1. Eers is daar fisiese herstel (2:18-27) - die veld wat weer groen word en vrug oplewer, parskuipe wat oorloop en reën op sy tyd.
2. Dan is daar die belofte van geestelike herstel (2:28-32) - die Gees wat op elke mens kom, oud en jonk, om in 'n liefdesverhouding met God en sy hele skepping te staan, dit te versorg en te help bou aan 'n nuwe wêreld.
3. Dan die belofte van nasionale herstel (3:1-11), waar *God self* met sy volk se vyande sal afreken deur dit wat hulle met Israel gedoen het, op hulle te laat neerkom.

### Joël 3:1-11

Hier sien ons God se herstellende oordeel uitspeel wanneer **HY** sy volk se lot verander (3:1). Soos wat die vreemde nasies in Joël 2:1-11 God se volk verneder het, sal Hy hulle met dieselfde lot tref. Dit sal gebeur in die Josafatlaagte. Daar bestaan nie in die geografie van Israel 'n Josafatlaagte nie. *Josafat* beteken egter *Die Here het geoordeel*. Josafatlaagte moet dus nie *geografies* verstaan word nie, maar eerder *teologies*, en in hierdie geval dat dit God self is wat sy oordeel fel oor sy volk se vyande en hulle aansien so in ere herstel (Vergelyk koning Josafat se oorwinning oor die Ammoniete en Moabiete in die Tekoawoestyn in 2 Kron 20, waar die volk net moes stelling inneem en God dit bewerk het dat die Ammoniete en Moabiete mekaar uitwis sonder dat enige soldaat van Israel 'n wapen opgetel het). In die res van hierdie perikoop wys God iets van sy hart - hoe kosbaar die volk vir Hom is en hoe Hy sy volk se menswaardigheid kom herstel.

### Die Vaderhart van God

Dit is opvallend dat wanneer kinders swaarkry - hetsy deur siekte, ongeluk, onregverdige behandeling, swak keuses, noodlot - hoe ouers se instink inskop. Dit is asof hulle as't ware laer trek om hulle kinders en waar hulle kon hulle eerder die pyn, vernedering, blaam op hulleself sou neem - amper die houding van *vat jy aan my kind, dan vat jy aan my*. Die Positiewe Ouerskap beginsels help ons om die balans in sulke situasies te handhaaf deur empaties te wees, liefde en deernis te gee, maar ook te weet van logiese gevolge en om 'n gesonde afstand te hou; sodat my kind *verantwoordelikheid* kan leer.

Joël kom leer ons iets van God se Vaderhart - wat genoeg vir ons omgee deur nie summier in te gryp nie, maar toe te laat dat ons ons lesse leer en wat weet wanneer Hy moet nader staan. Dan voer Hy die stryd namens ons. En dit is sy brandende liefde wat ons aanhoudend terugtrek om die *verbondsverbintenis* met Hom te herstel.

### Nadink en saamgesels in kleingroepe

- Lees Deut 8:2-5. God se herstellende oordeel kan ook met *dissipline* vertaal word. Hoe het jy dit al in jou eie lewe ervaar?
- Elkeen druk sy hand in 'n bak water wat in die middel van die tafel geplaas word. Hoor hoe die woorde van Jesus eggo: *Jy is my geliefde kind in wie Ek my verheug . . .*

"How much wrong we do to God and his grace when we speak of sins being punished by his judgment before we speak of their being forgiven by his mercy. We have to put mercy before judgment, and in any event, God's judgment will always be in the light of his mercy"- which is infinite!

Pous Francis: opening van "The Year of Mercy" op 08/12/2015